



Oos Vrystaat Kaap Bedryf Beperk

(Registrasienuommer 1999/004069/06)

**Opgesomde Gekonsolideerde Finansiële Jaarstate
vir die jaar geëindig 28 Februarie 2023**

Oos Vrystaat Kaap Bedryf Beperk
(Registrasienommer 1999/004069/06)
Opgesomde Gekonsolideerde Finansiële Jaarstate
vir die jaar geëindig 28 Februarie 2023

Oos Vrystaat Kaap Bedryf Beperk

(Registrasienommer 1999/004069/06)

Opgesomde Gekonsolideerde Finansiële Jaarstate vir die jaar geëindig 28 Februarie 2023

Algemene inligting

Land van inkorporasie en domisilie	Suid-Afrika
Aard van besigheid en hoofaktiwiteite	Ontvangste, verwerking en bemarking van landbouprodukte en die verskaffing en finansiering van boerderybenodighede, graan en dienste.
Direkteure	CT Bender - Voorsitter FJ Terblanche - Ondervoorsitter SJ Botha CD Cloete QA de Bruyn WJ du Toit JCC Moll JZ Scheepers JJ Swanepoel FJ van Zyl SO Vermeulen S Oberholzer - Uitvoerende direkteur - Besturend RJ van Wyk - Uitvoerende direkteur - Graan en lewende hawe
Uitvoerende bestuur	JC Cronje - Finansies, Kliëntefinansiering en Versekering DP du Plessis - Interne Regsdienste en Korporatief JB le Roux - Handel, Brandstof, Meganisasie en Motors J le Roux - Vesel
Geregistreerde kantoor	Dan Pienaarstraat 19 Ladybrand 9745
Posadres	Posbus 96 Ladybrand 9745
Houermaatskappy	Oos Vrystaat Kaap Beherend Eiendoms Beperk geïnkorporeer in Suid-Afrika
Bankiers	ABSA Bank Beperk
Ouditeure	PricewaterhouseCoopers Geïnk. Geregistreerde Ouditeure
Sekretaris	DP du Plessis
Maatskappyregistrasienommer	1999/004069/06
Vlak van gerusstelling	Hierdie opgesomde gekonsolideerde finansiële jaarstate is geoudit in ooreenstemming met die toepaslike vereistes van die Maatskappywet, nr. 71 van 2008.
Opsteller	Hierdie opgesomde gekonsolideerde finansiële jaarstate is onafhanklik voorberei deur: S van Niekerk GR(SA) Onder die toesig van JC Cronje (OVK Groep Hoofbestuurder - Finansies)
Gepubliseer	7 Junie 2023

Oos Vrystaat Kaap Bedryf Beperk

(Registrasienommer 1999/004069/06)

Opgesomde Gekonsolideerde Finansiële Jaarstate vir die jaar geëindig 28 Februarie 2023

Indeks

Die verslae en state soos vervat in die dokument verteenwoordig die opgesomde gekonsolideerde finansiële jaarstate wat aan die aandeelhouders voorgelê is:

Indeks	Bladsy
Direkteursverantwoordelikhede en -goedkeuring	3
Verklaring deur die Oudit- en Risikokomitee	4
Sertifikaat van die Maatskappy Sekretaris	5
Onafhanklike Ouditeursverslag	6 - 7
Direkteursverslag	8 - 11
Staat van Finansiële Posisie	12 - 13
Staat van Wins of Verlies en Ander Omvattende Inkomste	14
Staat van Verandering in Ekwiteit	15 - 16
Staat van Kontantvloei	17
Rekeningkundige Beleid	18
Aantekeninge tot die Opgesomde Gekonsolideerde Finansiële Jaarstate	19 - 55

Oos Vrystaat Kaap Bedryf Beperk

(Registrasienommer 1999/004069/06)

Opgesomde Gekonsolideerde Finansiële Jaarstate vir die jaar geëindig 28 Februarie 2023

Direkteursverantwoordelikhede en -goedkeuring

Die Maatskappywet, nr. 71 van 2008 bepaal dat die direkteure omvattende rekeningkundige rekords moet byhou en verantwoordelik is vir die inhoud en integriteit van die opgesomde gekonsolideerde finansiële jaarstate en verwante finansiële inligting wat by die direkteursverslag ingesluit word. Dit is hul verantwoordelikheid om te verseker dat die opgesomde gekonsolideerde finansiële jaarstate ter voldoening aan die 'International Financial Reporting Standards' (IFRS) 'n redelike weergawe is van die stand van die groep se sake aan die einde van die finansiële jaar en die resultate van sy bedrywighede vir die tydperk wat op daardie tydstip geëindig het. Die onafhanklike ouditeure is aangestel om 'n onafhanklike mening oor die gekonsolideerde finansiële jaarstate uit te spreek.

Die opgesomde gekonsolideerde finansiële jaarstate is ooreenkomstig die 'International Financial Reporting Standards' (IFRS) opgestel en is gegrond op toepaslike rekeningkundige beleid wat konsekwent toegepas word en deur redelike en verstandige oordeel en ramings ondersteun word.

Die direkteure erken dat hulle uiteindelik verantwoordelik is vir die stelsels van interne finansiële beheer wat die groep ingestel het en plaas aansienlike klem op die belangrikheid van handhawing van streng interne beheer. Ten einde alle direkteure in staat te stel om die verantwoordelikhede na te kom, stel die direksie standaarde vir interne beheer wat daarop gerig is om die risiko van foute of verlies op 'n kostedoeltreffende wyse te verlaag. Die standaarde sluit in die behoorlike delegasie van verantwoordelikhede binne 'n duidelik omskrewe raamwerk, effektiewe rekeningkundige prosedures en toereikende skeiding van pligte om 'n aanvaarbare risikolvlak te verseker. Die beheermaatreëls word deur die hele groep gemonitor en alle werknemers moet die hoogste etiese standaarde handhaaf om te verseker dat die groep se besigheid gedoen word op 'n wyse wat onder alle redelike omstandighede bo verdenking is. Die groep se risikobestuur is gerig op die identifisering, evaluering, bestuur en monitering van alle bekende risiko's in die groep. Hoewel die bedryfsrisiko nie heeltemal uitgeskakel kan word nie, probeer die groep dit tot 'n minimum beperk deur te verseker dat toepaslike infrastruktuur-, beheer- en ander stelsels en etiese gedrag volgens voorafbepaalde prosedures en beperkings toegepas word.

Die direkteure is op grond van inligting en verduidelikings wat bestuur verskaf, van mening dat die interne beheerstelsels redelike sekerheid bied dat daar vir die opstel van die opgesomde gekonsolideerde finansiële jaarstate op die finansiële rekords gesteun kan word. Interne stelsels vir finansiële beheer bied slegs redelike en nie absolute versekering teen beduidende wanverklarings en verliese.

Die direkteure en bestuur is verantwoordelik vir die kontroles rondom, en die sekuriteit oor die webtuiste, om spesifiek die proses vir elektroniese verspreiding van die state, jaarverslae en ander finansiële inligting, daar te stel en te beheer.

Die direkteure het die groep se begroting vir die jaar tot 29 Februarie 2024 nagesien en is in die lig van die nasiening en die huidige finansiële posisie oortuig dat die groep toereikende middele het, of toegang tot toereikende middele het, om sy bedrywighede in die afsienbare toekoms voort te sit.

Hoewel die direksie primêr verantwoordelik is vir die finansiële sake van die groep, word hulle deur die groep se onafhanklike ouditeure ondersteun.

Die onafhanklike ouditeure is verantwoordelik vir die onafhanklike audit van die groep se opgesomde gekonsolideerde finansiële jaarstate en om daarvoor verslag te doen. 'n Onafhanklike audit is uitgevoer op hierdie opgesomde gekonsolideerde finansiële jaarstate deur die groep se onafhanklike ouditeure en hul verslag word op bladsye 6 tot 7 aangebied.

Die opgesomde gekonsolideerde finansiële jaarstate en ander skedules wat op bladsye 8 tot 55 uiteengesit word en op die lopendesaaigrondslag opgestel is, is op 6 Junie 2023 deur die direksie goedgekeur en namens hulle onderteken deur:


CT Bender - Voorsitter


FJ Terblanche - Ondervoorsitter

Oos Vrystaat Kaap Bedryf Beperk

(Registrasienommer 1999/004069/06)

Opgesomde Gekonsolideerde Finansiële Jaarstate vir die jaar geëindig 28 Februarie 2023

Verklaring deur die Oudit- en Risikokomitee

1. Samestelling van die Oudit- en Risikokomitee

Die Oudit- en Risikokomitee bestaan uit vier nie-uitvoerende direkteure soos aangestel deur die aandeelhouders. Die lede van die Oudit en Risikokomitee vir die jaar onder oorsig is die volgende:

Mnr QA de Bruyn, wat deur die Oudit- en Risikokomitee as voorsitter aangewys is.
Mnr FJ van Zyl, wat deur die Oudit- en Risikokomitee as ondervoorsitter aangewys is.
Mnr JCC Moll
Mnr FJ Terblanche

Die besturende direkteur, hoofbestuurder: finansies, die bestuurder: interne audit en verteenwoordigers van die onafhanklike ouditeure woon, wanneer nodig, die vergaderings van die Oudit- en Risikokomitee by.

2. Oudit- en Risikokomitee vergaderings

Die belangrikste besprekingspunte tydens Oudit- en Risikokomitee vergaderings was die onderstaande:

- * Die interne auditverslae en interne beheermaatreëls
- * Identifisering van risiko's
- * Die versekeringsportefeulje van OVK se bates
- * Die bedryfsresultate vir 2022/2023
- * Die eksterne auditbeplanning vir 2022/2023
- * Die eksterne auditfooi vir 2022/2023 is by die direksie aanbeveel
- * Die bestuursverslag van die finale auditbevindinge van die onafhanklike ouditeure aan die direksie en Oudit- en Risikokomitee
- * Die gekonsolideerde finansiële jaarstate vir 2022/2023
- * Die bedryfsbegroting vir 2023/2024
- * Die interne auditplan vir 2023/2024
- * Die heraanstelling van die huidige onafhanklike ouditeure, PricewaterhouseCoopers Geïnk, is by die direksie aanbeveel

3. Interne finansiële beheermaatreëls

Die Oudit- en Risikokomitee het die prosedures waarvolgens die interne auditafdeling die effektiwiteit van die maatskappy se interne kontroles beoordeel, geëvalueer. Daar het niks onder die aandag van die Oudit- en Risikokomitee gekom wat enige aanduiding gegee het dat daar enige wesenlike swakhede in die maatskappy se interne beheerstelsels bestaan nie. Die Oudit- en Risikokomitee is tevrede met die maatskappy se interne finansiële kontroles.

4. Onafhanklikheid van die ouditeure

Die Oudit- en Risikokomitee is ingevolge artikel 94 van die Maatskappywet, nr. 71 van 2008, tevrede dat die onafhanklike ouditeure, PricewaterhouseCoopers Geïnk, onafhanklik van die maatskappy en ander maatskappye in die groep is.


QA de Bruyn - Voorsitter

6 Junie 2023

Oos Vrystaat Kaap Bedryf Beperk

(Registrasienommer 1999/004069/06)

Opgesomde Gekonsolideerde Finansiële Jaarstate vir die jaar geëindig 28 Februarie 2023

Sertifikaat van die Maatskappy Sekretaris

Na my mening, as sekretaris bevestig ek ingevolge die Maatskappywet dat vir die jaar geëindig 28 Februarie 2023, die maatskappy alle opgawes soos van 'n publieke maatskappy vereis, by die Kommissie vir Maatskappye en Intellektuele Eiendom ingedien het en dat alle sodanige opgawes waar, korrek en op datum is.



Maatskappysekreteraris

6 Junie 2023



Onafhanklike ouditeur se verslag oor die opgesomde gekonsolideerde en afsonderlike finansiële state

Aan die Aandeelhouders van Oos Vrystaat Kaap Bedryf Beperk

Mening

Die opgesomde gekonsolideerde en afsonderlike finansiële state van Oos Vrystaat Kaap Bedryf Beperk, soos uiteengesit op bladsye 12 tot 55, wat bestaan uit die opgesomde gekonsolideerde en afsonderlike staat van finansiële posisie soos op 28 Februarie 2023, die opgesomde gekonsolideerde en afsonderlike state van wins of verlies en ander omvattende inkomste, verandering in ekwiteit en kontantvloei vir die jaar geëindig, en verwante aantekeninge, is opgestel vanuit die geouditeerde gekonsolideerde en afsonderlike finansiële state van Oos Vrystaat Kaap Bedryf Beperk vir die jaar geëindig 28 Februarie 2023.

Na ons mening, is die meegaande opgesomde gekonsolideerde en afsonderlike finansiële state konsekwent, in alle wesenlike opsigte, met die geouditeerde gekonsolideerde en afsonderlike finansiële state, ooreenkomstig die grondslag wat beskryf is in Aantekening 1 tot die opgesomde gekonsolideerde en afsonderlike finansiële state en die vereistes van die Maatskappywet van Suid-Afrika soos van toepassing op opgesomde finansiële state.

Opgesomde gekonsolideerde en afsonderlike finansiële state

Die opgesomde gekonsolideerde en afsonderlike finansiële state bevat nie alle openbaarmaking soos vereis deur '*International Financial Reporting Standards*' en die vereistes van die Maatskappywet van Suid-Afrika soos van toepassing op finansiële jaarstate nie. Die lees van die opgesomde gekonsolideerde en afsonderlike finansiële state en die ouditeur se verslag daarop kan gevolglik nie as plaasvervanger vir die lees van die geouditeerde gekonsolideerde en afsonderlike finansiële state en die ouditeur se verslag daarop gesien word nie.

Die geouditeerde gekonsolideerde en afsonderlike finansiële state en ons verslag daarop

Ons het 'n ongekwalifiseerde auditmening uitgespreek oor die geouditeerde gekonsolideerde en afsonderlike finansiële state in ons verslag gedateer 7 Junie 2023.

Direkteure se verantwoordelikheid vir die opgesomde gekonsolideerde en afsonderlike finansiële state

Die direkteure is verantwoordelik vir die opstel van die opgesomde gekonsolideerde en afsonderlike finansiële state ooreenkomstig die grondslag wat beskryf is in Aantekening 1 tot die opgesomde gekonsolideerde en afsonderlike finansiële state en die vereistes van die Maatskappywet van Suid-Afrika soos van toepassing op opgesomde finansiële state.

PricewaterhouseCoopers Geïnk., Tweedelaan 61, Westdene, Bloemfontein, 9301, Posbus 818,
Bloemfontein, 9300
T: +27 (0) 51 503 4100, F: +27 (0) 51 813 1700, www.pwc.co.za

Hoof Uitvoerende Beampste: L S Machaba
Die Maatskappy se besigheidsadres is te Lisbonlaan 4, Waterfall City, Jukskei View, waar 'n lys van die direkteure se name ter insae is.
Reg-nr. 1998/012055/21, BTW reg-nr. 4950174682.



Ouditeur se verantwoordelikheid

Ons verantwoordelikheid is om 'n mening uit te spreek of die opgesomde gekonsolideerde en afsonderlike finansiële state konsekwent is, in alle wesenlike opsigte, met die geouditeerde gekonsolideerde en afsonderlike finansiële state, gebaseer op ons prosedures, wat ooreenkomstig die '*International Standard on Auditing (ISA) 810 (Revised)*', "*Engagements to Report on Summary Financial Statements*", uitgevoer is.

PricewaterhouseCoopers Geink.
PricewaterhouseCoopers Geink.
Direkteur: Louis Rossouw
Geregistreerde Ouditeur
Bloemfontein, Suid-Afrika
7 Junie 2023

Oos Vrystaat Kaap Bedryf Beperk

(Registrasienuommer 1999/004069/06)

Opgesomde Gekonsolideerde Finansiële Jaarstate vir die jaar geëindig 28 Februarie 2023

Direkteursverslag

Die direkteure dien hul verslag oor die opgesomde gekonsolideerde finansiële jaarstate van die maatskappy en die groep vir die jaar geëindig 28 Februarie 2023 in.

1. Oorsig van finansiële resultate en aktiwiteite

Die opgesomde gekonsolideerde finansiële jaarstate is voorberei in ooreenstemming met 'International Financial Reporting Standards' (IFRS) en die vereistes van die Maatskappywet, nr. 71 van 2008. Die rekeningkundige beleid was konsekwent in vergelyking met die vorige jaar.

Die groep is betrokke by ontvangste, verwerking en bemarking van landbouprodukte en die verskaffing en finansiering van boerderybenodighede, graan en dienste. Die maatskappy is hoofsaaklik in Suid-Afrika bedrywig.

Die groep se bedryfsresultate en stand van sake word ten volle in die aangehegte gekonsolideerde finansiële jaarstate uiteengesit en vereis na ons mening geen bykomende kommentaar nie.

Aktiwiteite toeskryfbaar aan verskillende besigheidsareas:

2023

Besigheidsareas

	Groep bydrae tot inkomste R'000	Groep bydrae tot wins voor belasting R'000	Maatskappy bydrae tot inkomste R'000	Maatskappy bydrae tot wins voor belasting R'000
Handel, brandstofverspreiding, motors en meganisasie	6 210 429	205 357	6 199 908	202 885
Graanhantering en -bemarking	89 013	56 445	89 013	55 880
Lewendehawe, vesel en abattoir	365 758	9 958	320 802	3 604
Nywerhede	332 922	351	198 696	(10 077)
Versekering	24 407	6 806	24 407	6 844
Hoofkantoor	4 426	(70 043)	4 428	(60 130)
Kliëntefinansiering	253 403	66 286	254 801	67 684
Lojaliteitskema - agterskot	(44 614)	-	(44 379)	-
Kortingverdeling	(4 766)	-	-	-
	7 230 978	275 160	7 047 676	266 690

2022

Besigheidsareas

	Groep bydrae tot inkomste R'000	Groep bydrae tot wins voor belasting R'000	Maatskappy bydrae tot inkomste R'000	Maatskappy bydrae tot wins voor belasting R'000
Handel, brandstofverspreiding, motors en meganisasie	4 938 135	184 893	4 945 496	184 266
Graanhantering en -bemarking	79 701	42 443	79 701	41 883
Lewendehawe, vesel en abattoir	484 713	26 967	426 331	19 064
Nywerhede	193 027	3 505	169 264	(4 283)
Versekering	20 307	4 621	20 307	4 639
Hoofkantoor	6 169	(77 074)	6 169	(68 204)
Kliëntefinansiering	154 607	60 357	157 321	63 071
Lojaliteitskema - agterskot	(36 753)	-	(36 629)	-
Kortingverdeling	(4 463)	-	-	-
	5 835 443	245 712	5 767 960	240 436

Oos Vrystaat Kaap Bedryf Beperk

(Registrasiensnommer 1999/004069/06)

Opgesomde Gekonsolideerde Finansiële Jaarstate vir die jaar geëindig 28 Februarie 2023

Direkteursverslag

2. Direkteure en uitvoerende bestuur se belange

Die belange op jaareinde van die direkteure en uitvoerende bestuur in die getal uitgereikte aandele van die maatskappy word hieronder uiteengesit:

	Groep 2023	2022	Maatskappy 2023	2022
Direk: Nie-uitvoerende direkteure	280 950	270 792	19 242	17 964
Direk: Uitvoerende direkteure en hoofbestuur	397 098	364 641	397 098	364 641
Indirek: Nie-uitvoerende direkteure	182 703	309 970	151 587	280 668
Indirek: Uitvoerende direkteure en hoofbestuur	-	-	-	-
	860 751	945 403	567 927	663 273

Die getal uitgereikte aandele in die groep verwys na direkteure van al die maatskappye in die groep wat aandele in die houermaatskappy hou.

3. Gebeure na die verslagdoeningstydperk

Verwys na aantekening 40 vir die openbaarmaking rakende die gebeure na die verslagdoeningstydperk.

4. Gemagtigde en uitgereikte aandelekapitaal

Gedurende die finansiële jaar is daar geen verandering in die gemagtigde gewone of Klas B aandele nie. Gedurende die finansiële jaar is daar 126 479 (2022: 76 581) Klas B aandele teruggekoop.

5. Dividende

Die direkteure stel 'n dividend van 95 sent (2022: 90 sent) per gewone en Klas B aandele voor wat in totaal R 50 852 751 (2022: R 48 290 122) bedra wat aan aandeelhouders geregistreer op 28 Februarie 2023, betaal sal word uit winste van die jaar onder oorsig.

Geen voorkeurdividend is vir die jaar verklaar of betaal nie, maar wel rente teen primakoers minus 2.50% per jaar wat in totaal R 18 754 248 (2022: R11 968 437) bedra op die OVK Beleggingsrekening aan aandeelhouders.

6. Direkteure

Die maatskappy se direksie gedurende die jaar en tot die datum van dié verslag is soos volg:

CT Bender - Voorsitter
FJ Terblanche - Ondervoorsitter
SJ Botha
CD Cloete
QA de Bruyn
WJ du Toit
JCC Moll
JZ Scheepers
JJ Swanepoel
FJ van Zyl
SO Vermeulen
S Oberholzer - Uitvoerende direkteur - Besturend
RJ van Wyk - Uitvoerende direkteur -
Graan en lewende hawe

Oos Vrystaat Kaap Bedryf Beperk

(Registrasienuommer 1999/004069/06)

Opgesomde Gekonsolideerde Finansiële Jaarstate vir die jaar geëindig 28 Februarie 2023

Direkteursverslag

7. Sekretaris

Die maatskappy sekretaris is DP du Plessis wat by die volgende adres werksaam is:

Posadres

Posbus 96
Ladybrand
9745

Besigheidsadres

Dan Pienaarstraat 19
Ladybrand
9745

8. Houermaatskappy

Die groep se houer- asook uiteindelijke houermaatskappy is Oos Vrystaat Kaap Beherend Eiendoms Beperk wat 53.26% (2022: 53.26%) van die groep se uitgereikte gewone aandele besit. Oos Vrystaat Kaap Beherend Eiendoms Beperk is in Suid-Afrika geïnkorporeer.

9. Belang in filiale

Naam van filiaal

Oos Kaap Boerdery en Graanhandelaars Eiendoms Beperk
OVK Rekenaardienste Eiendoms Beperk
Oos Vrystaat Kunsmis Eiendoms Beperk
OVK Eiendomme Eiendoms Beperk
Van Lill Woolbuyers Eiendoms Beperk
Blue Crane Fibre Eiendoms Beperk
Matla Energy Eiendoms Beperk
OVK Lesotho Eiendoms Beperk
OVK Finansiële Dienste Eiendoms Beperk
Olivia Energy Solutions Eiendoms Beperk
Countrywide Fertilizers Eiendoms Beperk

2023 belang

100.00 %
100.00 %
62.07 %
100.00 %
100.00 %
100.00 %
74.00 %
100.00 %
60.00 %
60.00 %
100.00 %

2022 belang

100.00 % Aktief
100.00 % Aktief
62.07 % Aktief
100.00 % Aktief
100.00 % Aktief
100.00 % Aktief
74.00 % Aktief
100.00 % Aktief
100.00 % Aktief
0.00 % Aktief
0.00 % Aktief

Gedurende die jaar het die groep 40% van hulle belang in OVK Finansiële Dienste Eiendoms Beperk verkoop aan Salvo Capital Eiendoms Beperk.

Op 30 Junie 2022 het die groep 60% van die stemdraende ekwiteitsbelang van Olivia Energy Solutions Eiendoms Beperk verkry, wat tot gevolg gehad het dat die groep beheer oor Olivia Energy Solutions Eiendoms Beperk verkry. Olivia Energy Solutions Eiendoms Beperk is hoofsaaklik betrokke in die verskaffing van sonkrag produkte en dienste aan landbou, huishoudelike en kommersiële markte. Verwys na aantekening 40.

Countrywide Fertilizers Eiendoms Beperk is in die huidige finansiële jaar deur die groep gestig. Die doel van die maatskappy is om kunsmis aan landbouprodusente en ander kliënte te verkoop.

10. Belegging in geassosieerde maatskappy

VGK Beleggings Eiendoms Beperk

Die maatskappy is betrokke in die verhuring van vaste eiendom. OVK hou 44.11% (2022: 44.11%) van die maatskappy se ekwiteitsaandele.

Die Groep het geen effektiewe beheer in die geassosieerde maatskappy nie. VGK Beleggings Eiendoms Beperk se jaareinde is 28 Februarie.

Oos Vrystaat Kaap Bedryf Beperk

(Registrasienuommer 1999/004069/06)

Opgesomde Gekonsolideerde Finansiële Jaarstate vir die jaar geëindig 28 Februarie 2023

Direkteursverslag

Olivia Energy Projects Eiendoms Beperk

Die maatskappy is betrokke in die verkoop van groenenergie produkte. OVK hou 60% (2022: 0.00%) in Olivia Energy Solutions Eiendoms Beperk wat weer 39% (2022: 49%) in Olivia Energy Projects Eiendoms Beperk hou van die maatskappy se ekwiteitsaandeel.

Die Groep het geen effektiewe beheer in die geassosieerde maatskappy nie. Olivia Energy Projects Eiendoms Beperk se jaareinde is 28 Februarie.

11. Belegging in gesamentlik beheerde ondernemings

Sinethemba Mafama Eiendoms Beperk

Die maatskappy is 'n agent vir koop en verkoop van vesel en veselprodukte. OVK hou 49% (2022: 49%) van die maatskappy se ekwiteitsaandeel.

Die Groep het gesamentlik beheer in die maatskappy. Sinethemba Mafama Eiendoms Beperk se jaareinde is 28 Februarie.

Orange River Popcorn Eiendoms Beperk

Die maatskappy is betrokke in die verwerking, bemarking en verspreiding van springmielies. OVK hou 50% (2022: 50%) van die maatskappy se ekwiteitsaandeel.

Die Groep het gesamentlik beheer in die maatskappy. Orange River Popcorn Eiendoms Beperk se jaareinde is 28 Februarie.

12. Kliëntlojaliteitskema - agterskot

Die direksie het 'n lojaliteitskema in plek om 'n deel van die wins op aankope aan bona fide boere as 'n maandelikse agterskot terug te gee.

In die geval van vesellewerings is dit 'n bedrag per kilogram en by graanlewerings is dit 'n bedrag per ton hanteer en 'n bedrag per ton bemark. In die geval van Gariep Abattoir is dit 'n bedrag per skaap of bees geslag. In die geval van diesel aankope is dit 25 sent per liter op sekere aankope.

'n Totaal van R44 614 272 (2022: R36 753 397) vir die groep en R 44 379 111 (2022: R36 629 157) vir die maatskappy is ten opsigte van agterskot toegestaan aan kliënte in terme van die lojaliteitskema.

13. Totale besigheid gedoen

Die omvang van totale besigheid deur die groep gedoen vir die jaar beloop R 13 783 317 156 (2022: R 11 415 859 458) en totale besigheid deur die maatskappy gedoen vir die jaar beloop R 13 481 153 250 (2022: R 11 198 542 687). Vanweë rekeningkundige hantering word die volle omset egter nie onder inkomste getoon nie, soos byvoorbeeld in die geval van graan word slegs die marge gewys en lewendehawe, vesel en versekering waar slegs die kommissie gedeelte gewys word.

14. Ouditeure

PricewaterhouseCoopers Geïnk. sal kragtens artikel 90 van die Maatskappywet, nr.71 van 2008 hul amp voortsit.

Oos Vrystaat Kaap Bedryf Beperk

(Registrasienommer 1999/004069/06)

Opgesomde Gekonsolideerde Finansiële Jaarstate vir die jaar geëindig 28 Februarie 2023

Staat van Finansiële Posisie soos op 28 Februarie 2023

		Groep		Maatskappy	
	Aan- teke- ninge	2023	2022	2023	2022
		R	R Herstateer*	R	R
Bates					
Nie-bedryfsbates					
Beleggingseiendom	3	19 342 392	19 025 957	28 260 418	28 028 313
Eiendom, aanleg en toerusting	4	466 471 828	443 675 937	396 980 963	374 723 527
Reg-van-gebruik bate	5	10 912 041	12 132 988	7 409 490	11 030 009
Ontasbare bates	6	11 448 938	4 114 355	-	-
Belegging in filiale	7	-	-	18 567 693	10 707 633
Belegging in gesamentlik beheerde ondernemings	8	6 176 856	6 218 625	119	119
Belegging in geassosieerdes	9	5 387 811	4 628 915	141 643	141 643
Ander finansiële bates	10	94 931	94 931	94 931	94 931
Uitgestelde belasting	11	1 817 899	5 352 695	-	3 733 988
Langtermynhuurkope en termynlenings	12	234 275 831	198 715 973	234 275 831	198 715 973
Ledefondse	13	571	549	571	549
		755 929 098	693 960 925	685 731 659	627 176 685
Bedryfsbates					
Voorraad	14	1 318 755 308	854 615 167	1 276 511 638	832 406 503
Lenings aan groepmaatskappye en verwante entiteite	15	13 779 433	12 795 509	96 769 001	89 453 331
Ander finansiële bates	10	27 198 145	89 785 487	27 198 145	89 785 487
Inkomstebelasting		634 923	118 321	-	-
Konstruksiekontrakte en debiteure	22	225 646	-	-	-
Handels- en ander debiteure	16	3 065 847 982	2 501 126 013	3 048 993 102	2 498 701 052
Kontant en kontantekwivalente	17	46 368 739	44 015 144	41 516 851	24 779 506
		4 472 810 176	3 502 455 641	4 490 988 737	3 535 125 879
Totale bates		5 228 739 274	4 196 416 566	5 176 720 396	4 162 302 564
Ekwiteit en aanspreeklikhede					
Ekwiteit					
Ekwiteit toeskryfbaar aan ekwiteitshouers van houermaatskappy					
Aandelekapitaal	18	68 064 320	69 083 035	68 064 320	69 083 035
Tesourie aandele		(48 091 415)	(48 091 415)	-	-
Opgelope inkomste		1 657 293 954	1 507 911 586	1 626 485 876	1 478 937 835
		1 677 266 859	1 528 903 206	1 694 550 196	1 548 020 870
Nie-beherendebelang		18 719 149	10 150 534	-	-
		1 695 986 008	1 539 053 740	1 694 550 196	1 548 020 870

Die rekeningkundige beleid op bladsy 18 en die aantekeninge op bladsye 19 tot 55 vorm 'n integrale deel van die opgesomde gekonsolideerde finansiële jaarstate.

* Verwys na aantekening 43 vir meer inligting.

Oos Vrystaat Kaap Bedryf Beperk

(Registrasienommer 1999/004069/06)

Opgesomde Gekonsolideerde Finansiële Jaarstate vir die jaar geëindig 28 Februarie 2023

Staat van Finansiële Posisie soos op 28 Februarie 2023

		Groep		Maatskappy	
	Aan- teke- ninge	2023 R	2022 R Herstateer*	2023 R	2022 R
Laste					
Nie-bedryfslaste					
Uitgestelde belasting	11	25 363 914	19 271 296	3 011 609	-
Huurverpligting	5	10 347 014	11 155 841	7 301 076	10 196 762
		35 710 928	30 427 137	10 312 685	10 196 762
Bedryfslaste					
Lenings vanaf groepmaatskappye en verwante entiteite	19	22 793 950	18 363 117	8 975 742	7 542 782
Lenings vanaf aandeelhouders	20	281 013 401	249 212 570	281 013 401	249 212 570
Kontrak verpligtinge	22	225 140	-	-	-
Inkomstebelasting betaalbaar		8 612 403	1 793 714	8 070 073	1 295 986
Handels- en ander krediteure	21	1 109 811 803	652 860 535	1 102 449 530	643 325 261
Werknemersvoordele verskuldig	23	42 504 861	64 899 550	40 749 770	63 454 340
Huurverpligting	5	1 730 109	2 006 350	1 187 111	1 781 894
Voorsienings	24	22 854 254	28 175 549	21 915 471	27 847 795
Ander finansiële aanspreeklikhede	25	16 973 496	11 646 369	16 973 496	11 646 369
Bankoortrekking	17	1 990 522 921	1 597 977 935	1 990 522 921	1 597 977 935
		3 497 042 338	2 626 935 689	3 471 857 515	2 604 084 932
Totale laste		3 532 753 266	2 657 362 826	3 482 170 200	2 614 281 694
Totale ekwiteit en aanspreeklikhede		5 228 739 274	4 196 416 566	5 176 720 396	4 162 302 564

Die rekeningkundige beleid op bladsy 18 en die aantekeninge op bladsye 19 tot 55 vorm 'n integrale deel van die opgesomde gekonsolideerde finansiële jaarstate.

* Verwys na aantekening 43 vir meer inligting.

Oos Vrystaat Kaap Bedryf Beperk

(Registrasienommer 1999/004069/06)

Opgesomde Gekonsolideerde Finansiële Jaarstate vir die jaar geëindig 28 Februarie 2023

Staat van Wins of Verlies en Ander Omvattende Inkomste

	Aan- teke- ninge	Groep		Maatskappy	
		2023	2022	2023	2022
		R	R Herstateer*	R	R Herstateer*
Inkomste	27	7 230 978 264	5 835 443 055	7 047 675 960	5 767 960 452
Koste van verkope		(6 229 195 801)	(4 976 031 674)	(6 079 215 389)	(4 936 134 673)
Bruto wins		1 001 782 463	859 411 381	968 460 571	831 825 779
Ander inkomste	28	124 623 494	93 811 251	123 577 865	99 093 780
Administratiewe uitgawes		(632 171 693)	(586 603 470)	(614 464 679)	(573 497 998)
Bedryfskoste		(131 098 338)	(85 932 777)	(129 887 276)	(84 855 335)
Vervoer en verspreidingskoste		(51 470 548)	(40 433 137)	(50 692 409)	(39 662 931)
Bedryfswins	29	311 665 378	240 253 248	296 994 072	232 903 295
Beleggingsinkomste	30	7 315 959	4 257 834	13 131 616	8 016 156
Graan bruto wins ingesluit billike waarde bewegings	31	113 481 782	75 536 158	113 481 782	75 536 157
Inkomste uit ekwiteitsverantwoorde beleggings		777 503	1 791 502	-	-
Finansieringskoste	32	(158 080 371)	(76 126 685)	(156 917 116)	(76 020 208)
Wins voor belasting		275 160 251	245 712 057	266 690 354	240 435 400
Belasting	33	(74 014 148)	(50 513 797)	(66 136 269)	(46 098 897)
Wins vir die jaar		201 146 103	195 198 260	200 554 085	194 336 503
Ander omvattende inkomste		-	-	-	-
Totale omvattende inkomste vir die jaar		201 146 103	195 198 260	200 554 085	194 336 503
Totale omvattende inkomste toeskryfbaar aan:					
Eienaars van die houermaatskappy		198 888 469	193 467 542	200 554 085	194 336 503
Nie-beherende belang		2 257 634	1 730 718	-	-
		201 146 103	195 198 260	200 554 085	194 336 503
Wins toeskryfbaar aan					
Eienaars van die houermaatskappy		198 888 469	193 467 542	200 554 085	194 336 503
Nie-beherende belang		2 257 634	1 730 718	-	-
		201 146 103	195 198 260	200 554 085	194 336 503

Verdienste per aandeel (Gewone en Klas B)

Inligting per aandeel

Basiese verdienste per aandeel (sent)	375.3	363.5	348.9	337.5
---------------------------------------	-------	-------	-------	-------

Wesensverdienste per aandeel (Gewone en Klas B)

Inligting per aandeel

Basiese verdienste per aandeel (sent)	361.1	351.1	337.0	325.9
---------------------------------------	-------	-------	-------	-------

Die rekeningkundige beleid op bladsy 18 en die aantekeninge op bladsye 19 tot 55 vorm 'n integrale deel van die opgesomde gekonsolideerde finansiële jaarstate.

* Verwys na aantekening 43 vir meer inligting.

Oos Vrystaat Kaap Bedryf Beperk

(Registrasienommer 1999/004069/06)

Opgesomde Gekonsolideerde Finansiële Jaarstate vir die jaar geëindig 28 Februarie 2023

Staat van Verandering in Ekwiteit

	Aandele- kapitaal	Aandele- premie	Totale aandele- kapitaal	Tesourie aandele	Opgelope inkomste	Totaal toeskryfbaar aan ekwiteitshouers van die groep/ maatskappy	Nie- beherende belang	Totale ekwiteit
	R	R	R	R	R	R	R	R
Groep								
Saldo op 1 Maart 2021	70 341 094	24 940	70 366 034	(48 091 415)	1 349 274 331	1 371 548 950	8 419 816	1 379 968 766
Wins vir die jaar	-	-	-	-	193 467 542	193 467 542	1 730 718	195 198 260
Ander omvattende inkomste	-	-	-	-	-	-	-	-
Totale omvattende inkomste vir die jaar	-	-	-	-	193 467 542	193 467 542	1 730 718	195 198 260
Terugkoop van aandele	(1 282 999)	-	(1 282 999)	-	-	(1 282 999)	-	(1 282 999)
Dividende	-	-	-	-	(34 830 287)	(34 830 287)	-	(34 830 287)
Totale bydraes deur en verdelings aan eienaars van die maatskappy direk in ekwiteit erken	(1 282 999)	-	(1 282 999)	-	(34 830 287)	(36 113 286)	-	(36 113 286)
Saldo op 1 Maart 2022	69 058 095	24 940	69 083 035	(48 091 415)	1 507 911 586	1 528 903 206	10 150 534	1 539 053 740
Wins vir die jaar	-	-	-	-	198 888 469	198 888 469	2 257 634	201 146 103
Ander omvattende inkomste	-	-	-	-	-	-	-	-
Totale omvattende inkomste vir die jaar	-	-	-	-	198 888 469	198 888 469	2 257 634	201 146 103
Terugkoop van aandele	(2 405 014)	-	(2 405 014)	-	-	(2 405 014)	-	(2 405 014)
Geagte dividend met terugkoop van Klas B aandele	1 386 299	-	1 386 299	-	(1 386 299)	-	-	-
Dividende	-	-	-	-	(48 119 802)	(48 119 802)	-	(48 119 802)
Verandering in eienaarskapbelang - beheer nie verloor nie	-	-	-	-	-	-	40 040	40 040
Besigheidsamevoegings	-	-	-	-	-	-	6 270 941	6 270 941
Totale bydraes deur en verdelings aan eienaars van die maatskappy direk in ekwiteit erken	(1 018 715)	-	(1 018 715)	-	(49 506 101)	(50 524 816)	6 310 981	(44 213 835)
Saldo op 28 Februarie 2023	68 039 380	24 940	68 064 320	(48 091 415)	1 657 293 954	1 677 266 859	18 719 149	1 695 986 008
Aantekening	18	18	18					

Die rekeningkundige beleid op bladsy 18 en die aantekeninge op bladsye 19 tot 55 vorm 'n integrale deel van die opgesomde gekonsolideerde finansiële jaarstate.

Oos Vrystaat Kaap Bedryf Beperk

(Registrasienommer 1999/004069/06)

Opgesomde Gekonsolideerde Finansiële Jaarstate vir die jaar geëindig 28 Februarie 2023

Staat van Verandering in Ekwiteit

	Aandele- kapitaal	Aandele- premie	Totale aandele- kapitaal	Opgelope inkomste	Totale ekwiteit
	R	R	R	R	R
Maatskappy					
Saldo op 1 Maart 2021	70 341 094	24 940	70 366 034	1 321 959 355	1 392 325 389
Wins vir die jaar	-	-	-	194 336 503	194 336 503
Ander omvattende inkomste	-	-	-	-	-
Totale omvattende inkomste vir die jaar	-	-	-	194 336 503	194 336 503
Terugkoop van aandele	(1 282 999)	-	(1 282 999)	-	(1 282 999)
Dividende	-	-	-	(37 358 023)	(37 358 023)
Totale bydraes deur en verdelings aan eienaars van die maatskappy direk in ekwiteit erken	(1 282 999)	-	(1 282 999)	(37 358 023)	(38 641 022)
Saldo op 1 Maart 2022	69 058 095	24 940	69 083 035	1 478 937 835	1 548 020 870
Wins vir die jaar	-	-	-	200 554 085	200 554 085
Ander omvattende inkomste	-	-	-	-	-
Totale omvattende inkomste vir die jaar	-	-	-	200 554 085	200 554 085
Terugkoop van aandele	(2 405 014)	-	(2 405 014)	-	(2 405 014)
Geagte dividend met terugkoop van Klas B aandele	1 386 299	-	1 386 299	(1 386 299)	-
Dividende	-	-	-	(51 619 745)	(51 619 745)
Totale bydraes deur en verdelings aan eienaars van die maatskappy direk in ekwiteit erken	(1 018 715)	-	(1 018 715)	(53 006 044)	(54 024 759)
Saldo op 28 Februarie 2023	68 039 380	24 940	68 064 320	1 626 485 876	1 694 550 196
Aantekening	18	18	18		

Die rekeningkundige beleid op bladsy 18 en die aantekeninge op bladsye 19 tot 55 vorm 'n integrale deel van die opgesomde gekonsolideerde finansiële jaarstate.

Oos Vrystaat Kaap Bedryf Beperk

(Registrasiensnommer 1999/004069/06)

Opgesomde Gekonsolideerde Finansiële Jaarstate vir die jaar geëindig 28 Februarie 2023

Staat van Kontantvloei

		Groep		Maatskappy	
	Aan- teke- ninge	2023	2022	2023	2022
		R	R	R	R
Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite					
Kontant aangewend in bedrywighede	34	(360 671 804)	(135 795 744)	(347 692 156)	(134 097 358)
Rente-inkomste	27&30	259 268 511	159 639 553	265 084 738	163 461 485
Dividende ontvang		77 769	9 898	138 145	5 051 897
Finansieringskoste	32	(158 080 366)	(76 126 685)	(156 917 117)	(76 020 208)
Belasting betaal	35	(58 340 007)	(67 023 379)	(52 616 584)	(64 752 804)
Netto kontant aangewend in bedryfsaktiwiteite		(317 745 897)	(119 296 357)	(292 002 974)	(106 356 988)
Kontantvloei uit beleggingsaktiwiteite					
Verkryging van eiendom, aanleg en toerusting	4	(58 193 982)	(69 340 799)	(56 379 036)	(67 562 850)
Verkoop van eiendom, aanleg en toerusting	4	10 347 459	15 926 688	9 088 738	15 899 083
Oordrag na eiendom, aanleg en toerusting		302 215	1 415 459	(1 908)	1 703 134
Verkryging van beleggingseiendom	3	(1 365 554)	(372 393)	(1 365 554)	(1 282 411)
Verkoop van beleggingseiendom	3	819 814	-	819 814	-
Verkryging van ontasbare bates	6	-	(80 840)	-	-
Lenings aan groepmaatskappye terugontvang		-	-	3 230 108	19 242 558
Lenings aan groepmaatskappye toegestaan		(983 924)	(3 753 236)	(10 545 778)	(10 184 112)
Belegging in filiaal		-	-	(7 860 060)	(100)
Verkoop/(Ontvang) van ledefondse		(22)	1 498	(22)	1 498
Besigheidsamevoeging	38	(7 800 000)	(4 160 000)	-	-
Bates onder R7 000 verkry met besigheidsamevoeging		-	98 317	-	-
Netto kontant (aangewend in) / gegenereer deur beleggingsaktiwiteite		(56 873 994)	(60 265 306)	(63 013 698)	(42 183 200)
Kontantvloei uit finansieringsaktiwiteite					
Terugkoop van aandele	18	(1 018 715)	(1 283 000)	(1 018 715)	(1 283 000)
Opbrengs op lenings van groepmaatskappye		4 385 156	13 023 678	3 250 361	1 841 621
Betalings op lenings van groepmaatskappye		-	-	(1 817 401)	(932 401)
Opbrengs op aandeelhouderslenings		31 800 831	20 744 082	31 800 831	20 744 082
Nie-beherende belang aandele verkoop		40 040	-	-	-
Geagte dividend met terugkoop van Klas B aandele	38	(1 386 300)	-	(1 386 300)	-
Dividende betaal	36	(48 119 803)	(34 830 287)	(51 619 745)	(37 358 023)
Netto kontant aangewend in finansieringsaktiwiteite		(14 298 791)	(2 345 527)	(20 790 969)	(16 987 721)
Totale kontantbeweging vir die jaar					
Kontant en kontant ekwivalente aan die begin van die jaar		(1 553 962 791)	(1 372 055 601)	(1 573 198 429)	(1 407 670 520)
Kontant verkry met besigheidsamevoeging	38	(1 272 709)	-	-	-
Kontant en kontant ekwivalente aan die einde van die jaar	17	(1 944 154 182)	(1 553 962 791)	(1 949 006 070)	(1 573 198 429)

Die rekeningkundige beleid op bladsy 18 en die aantekeninge op bladsye 19 tot 55 vorm 'n integrale deel van die opgesomde gekonsolideerde finansiële jaarstate.

Oos Vrystaat Kaap Bedryf Beperk

(Registrasienommer 1999/004069/06)

Opgesomde Gekonsolideerde Finansiële Jaarstate vir die jaar geëindig 28 Februarie 2023

Rekeningkundige Beleid

1. Aanbieding van opgesomde gekonsolideerde finansiële jaarstate

Die groep het die opgesomde gekonsolideerde finansiële jaarstate opgestel vanaf die gekonsolideerde finansiële state. Die opgesomde gekonsolideerde finansiële jaarstate is ooreenkomstig 'International Financial Reporting Standards' en die Maatskappywet, nr. 71 van 2008 opgestel. Die opgesomde gekonsolideerde finansiële jaarstate is op die historiesekoste grondslag, tensy anders aangedui in die rekeningkundige beleid, opgestel en word in Suid-Afrikaanse Rand aangebied.

Oos Vrystaat Kaap Bedryf Beperk

(Registrasienuommer 1999/004069/06)

Opgesomde Gekonsolideerde Finansiële Jaarstate vir die jaar geëindig 28 Februarie 2023

Aantekeninge tot die Opgesomde Gekonsolideerde Finansiële Jaarstate

2. Nuwe Standaarde en Vertolkings

2.1 Standaarde en vertolkings van krag en toegepas in die huidige jaar

In die huidige jaar, het die maatskappy die volgende standaarde en vertolkings toegepas wat vir die huidige finansiële jaar van krag is en op sy bedrywighede van toepassing is:

Standaard/Vertolking:	Effektiewe datum Jare wat begin op of na	Verwagte impak:
<ul style="list-style-type: none"> Jaarlikse verbetering aan IFRS-standaarde 2018-2020: Wysigings aan IFRS 1 	01 Januarie 2022	Die impak van die standaard is nie wesenlik nie.
<ul style="list-style-type: none"> Verwysing na die konseptuele raamwerk: wysigings aan IFRS 3 	01 Januarie 2022	Die impak van die standaard is nie wesenlik nie.
<ul style="list-style-type: none"> Jaarlikse verbetering aan IFRS-standaarde 2018-2020: Wysigings aan IFRS 9 	01 Januarie 2022	Die impak van die standaard is nie wesenlik nie.
<ul style="list-style-type: none"> Eiendom, aanleg en toerusting: Opbrengs voor beoogde gebruik: Wysigings aan IAS 16 	01 Januarie 2022	Die impak van die standaard is nie wesenlik nie.
<ul style="list-style-type: none"> Beswarende kontrakte - Koste om 'n kontrak na te kom: wysigings aan IAS 37 	01 Januarie 2022	Die impak van die standaard is nie wesenlik nie.

2.2 Standaarde en vertolkings wat nog nie van krag is nie

Die maatskappy het besluit om die volgende standaarde en vertolkings, wat gepubliseer en verpligtend is vir die maatskappy se rekeningkundige tydperke wat na 01 Maart 2022 begin, nie vroeg toe te pas nie:

Standaard/Vertolking:	Effektiewe datum Jare wat begin op of na	Verwagte impak:
<ul style="list-style-type: none"> Aanvanklike toepassing van IFRS 17 en IFRS 9 - Vergelykende inligting 	01 Januarie 2023	Onwaarskynlik dat daar 'n wesenlike impak sal wees.
<ul style="list-style-type: none"> Uitgestelde belasting wat verband hou met bates en laste voortspuitend uit 'n enkele transaksie - Wysigings aan IAS 12 	01 Januarie 2023	Onwaarskynlik dat daar 'n wesenlike impak sal wees.
<ul style="list-style-type: none"> Openbaarmaking van rekeningkundige beleid: Wysigings aan IAS 1 en IFRS Praktijkverklaring 2. 	01 Januarie 2023	Onwaarskynlik dat daar 'n wesenlike impak sal wees.
<ul style="list-style-type: none"> Definisie van rekeningkundige ramings: Wysigings aan IAS 8 	01 Januarie 2023	Onwaarskynlik dat daar 'n wesenlike impak sal wees.
<ul style="list-style-type: none"> Klassifikasie van aanspreeklikhede as korttermyn of niebedryf - Wysiging aan IAS 1 	01 Januarie 2023	Onwaarskynlik dat daar 'n wesenlike impak sal wees.

3. Beleggingseiendom

Groep	2023			2022		
	Koste	Opgehoopte waardevermindering	Drawaarde	Koste	Opgehoopte waardevermindering	Drawaarde
Beleggingseiendom	21 902 278	(2 559 886)	19 342 392	21 396 111	(2 370 154)	19 025 957
Maatskappy	2023			2022		
	Koste	Opgehoopte waardevermindering	Drawaarde	Koste	Opgehoopte waardevermindering	Drawaarde
Beleggingseiendom	31 245 371	(2 984 953)	28 260 418	30 739 204	(2 710 891)	28 028 313

Oos Vrystaat Kaap Bedryf Beperk

(Registrasiensnommer 1999/004069/06)

Opgesomde Gekonsolideerde Finansiële Jaarstate vir die jaar geëindig 28 Februarie 2023

Aantekeninge tot die Opgesomde Gekonsolideerde Finansiële Jaarstate

	Groep		Maatskappy	
	2023 R	2022 R	2023 R	2022 R

3. Beleggingseiendom (vervolg)

Rekonsiliasie van beleggingseiendom - Groep - 2023

	Openingsaldo	Aankope	Verkope	Waardevermindering	Totaal
Beleggingseiendom	19 025 957	1 365 554	(819 814)	(229 305)	19 342 392

Rekonsiliasie van beleggingseiendom - Groep - 2022

	Openingsaldo	Aankope	Verkope	Waardevermindering	Totaal
Beleggingseiendom	18 872 567	372 393		(219 003)	19 025 957

Rekonsiliasie van beleggingseiendom - Maatskappy - 2023

	Openingsaldo	Aankope	Verkope	Waardevermindering	Totaal
Beleggingseiendom	28 028 313	1 365 554	(819 814)	(313 635)	28 260 418

Rekonsiliasie van beleggingseiendom - Maatskappy - 2022

	Openingsaldo	Aankope	Verkope	Waardevermindering	Totaal
Beleggingseiendom	27 052 260	1 282 411		(306 358)	28 028 313

Billike waarde van beleggingseiendomme	27 341 982	28 140 911	37 374 771	34 735 886
Huurinkomste ontvang uit beleggingseiendom	4 765 714	4 498 743	5 460 923	5 172 288

'n Register met die inligting wat kragtens skedule 29(1) van die Maatskappywet en Regulasie 25(3) van die Maatskappy Regulasies vereis word, is by die maatskappy se geregistreerde kantoor ter insae beskikbaar.

Die billike waarde van Beleggingseiendom word bepaal deur 'n Inkomste gebaseerde (kontantvloei) metode en vlak 3 inset data word gebruik. Die kontantvloei waardasie word gebaseer op huidige en verwagte huurinkomstes asook 'n toepaslike verdiskonterings koers. Die verdiskonterings koers sluit verwagte risiko ten opsigte van kontantvloei van elke eiendom in.

Risiko faktore sluit in:

- Die risiko dat die huur kontrakte onverwags gekanselleer kan word deur die huurder.
- Die risiko vir huur kontrak wysigings.
- Voorsiening vir verwagte kapitale kostes wat verband hou met onderhoud en instandhouding.

Gemiddelde verwagte verhogings in huur inkomste:	8.95%	9.13%	8.95%	9.13%
Gemiddelde verdiskonteringskoers aangepas vir risiko faktore:	18.00%	19.14%	18.00%	19.14%

Oos Vrystaat Kaap Bedryf Beperk

(Registrasienuommer 1999/004069/06)

Opgesomde Gekonsolideerde Finansiële Jaarstate vir die jaar geëindig 28 Februarie 2023

Aantekeninge tot die Opgesomde Gekonsolideerde Finansiële Jaarstate

	Groep		Maatskappy	
	2023 R	2022 R	2023 R	2022 R

4. Eiendom, aanleg en toerusting

Groep	2023			2022		
	Koste	Opgehoopte waardevermindering	Drawaarde	Koste	Opgehoopte waardevermindering	Drawaarde
Grond en verbeteringe	441 332 659	(112 954 064)	328 378 595	390 084 778	(104 084 733)	286 000 045
Masjinerie en toerusting	204 305 092	(133 825 026)	70 480 066	193 221 901	(124 556 108)	68 665 793
Motorvoertuie	109 434 700	(55 200 448)	54 234 252	95 245 104	(51 797 366)	43 447 738
Rekenaartoeusting en sagteware	35 001 088	(30 797 341)	4 203 747	33 106 615	(27 032 152)	6 074 463
Werk in proses	6 957 906	-	6 957 906	36 661 823	-	36 661 823
Demonstrasie voertuie	2 390 730	(173 468)	2 217 262	3 140 652	(314 577)	2 826 075
Totaal	799 422 175	(332 950 347)	466 471 828	751 460 873	(307 784 936)	443 675 937

Maatskappy	2023			2022		
	Koste	Opgehoopte waardevermindering	Drawaarde	Koste	Opgehoopte waardevermindering	Drawaarde
